

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

NOVEMBER 2017

**TOTAAL: 80
TYD: 2 UUR****INSTRUKSIES:**

- Begin Afdeling A, B en C elkeen op 'n nuwe kant van die bladsy.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Gebruik slegs blou of swart ink.
- Skryf jou naam en van, die datum (November 2017), die opskrif (Vraestel 1), die Afdelingnummer (Afdeling A of B of C) en jou onderwyser(es) se voorletters bo-aan elke afdeling:

AFDELING A: BEGRIP**VRAAG 1:****Water en die menslike liggaam**

- 1 Daar is geen voedingstof wat so belangrik vir die menslike liggaam is soos water nie. Die gemiddelde mens kan sowat veertig dae sonder kos leef as hy moet, maar indien hy langer as drie tot vyf dae lank geen water inkry nie, sal hy doodgaan.
- 2 As jy 60 kg weeg, weeg die dele wat nie water nodig het nie, maar net 20kg. Die ander 40 kg van jou massa, is water. Dit beteken dat jy darem bietjie meer solied is as 'n jellievis met sy 95 persent water, maar dat twee derdes van jou lyf in 'n vloeibare toestand is!
- 3 Water is die hoofbestanddeel van al die vloeistowwe in die liggaam. Meer as vier vyfdes van ons bloed is water en ongeveer driekwart van ons brein en spiere bestaan uit hierdie lewegewende vloeistof. Vir byna elke liggaamfunksie is water nodig. Dit help om noodsaaklike voedingstowwe na al ons selle te vervoer, help met bloedtoevoer en vertering, en help om metaboliese afvalstowwe weg te voer, soos melksuur, ureum, urinesuur en ammoniak.
- 4 Ons longe het water nodig sodat die slymvliese klein deeltjies in die lug kan vasvang wat andersins die longe sou irriteer. Water is ook vir ons noodsaaklik om te kan sweet, sodat ons kan afkoel wanneer ons oorverhit.
- 5 Dit is vanselfsprekend dat 'n mens moet sorg dat jy genoeg water inkry om jou liggaam op sy beste te laat funksioneer. Hoeveel nou eintlik "genoeg" is, hang af van die persoon se massa; hoe aktief die persoon is en hoe warm of humid dit op daardie dag is. Só kan dit nodig wees dat mens een tot sewe liter water per dag drink. Dit geld nie net vir water uit die kraan uit nie, maar ook water wat mens uit kosse en sappe kry.

- 6 Nogtans word minstens ses tot sewe glase water per dag – of nagenoeg twee liter – deur baie kenners beskou as die minimum om h'n behoorlike hidrering van die liggaam te verseker.
- 7 Die toestand waar h'n watertekort in die liggaam ontstaan omdat ons te min daarvan inkry, staan bekend as dehidrasie of ontwatering. Dit gebeur gewoonlik weens abnormale vloeistofverlies weens diarree of ooreising by byvoorbeeld sportbyeenkomste.
- 8 As gevolg van die gelyktydige verlies van liggaamsoute (natrium en kalium) kan die baie moeë slagoffer ook naars wees en spierkrampe ondervind. In die ergste gevalle kan lyers wat nie reg behandel word nie, lighoofdig raak, terwyl die bloedsomloop en nierfunksie gaan staan. Dit kan slegs gestop word deur mediese intervensie.
- 9 Die teenoorgestelde van ontwatering is h'n toestand wat watervergiftiging of hiperhidrasie genoem word. Dit kan ook baie gevaarlik wees. Die breinfunksies word ontwig omdat te veel water gedrink word waardeur die normale balans van elektroliete in die liggaam deurmekaar gemaak word.
- 10 Normale, gesonde mense het egter min te vrees dat hulle te veel water sal inkry. Byna alle sterftes weens watervergiftiging was by waterdrinkkompetisies waar deelnemers meer as tien liter water binne h'n paar minute probeer drink het – of waar mense lank en bitter intens geoefen het en slegs massas water weggesluk het sonder dat hulle ook verlore elektroliete probeer vervang het.

Verwerk vanuit: <http://www.mieliestronk.com/watereien.html>

1.1 Waarom, volgens die artikel, is water belangriker as kos?

_____ (1)

1.2 Hoe lank kan die gemiddelde mens sonder kos lewe?

_____ (1)

1.3 Watter persentasie van jou liggaamsgewig bestaan uit water?

_____ (1)

1.4 Vergelyk die persentasie water in h'n jellievis met dié van h'n mens en verduidelik waarom die skrywer sê h'n mens is bietjie meer solied as h'n jellievis.

_____ (1)

1.5 "...twee derdes van jou lyf in h'n vloeibare toestand is"

1.5.1 Word die "vloeibare toestand" in paragraaf 2 LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel?

_____ (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord by 1.5.1 in een VOLSIN.

_____ (1)

1.6 Gee DRIE liggaamsfunksies van water volgens paragraaf 3. Skryf dit puntsgewys neer.

(3)

1.7 Water is ook vir ons noodsaaklik om te kan sweet, sodat ons kan afkoel wanneer ons oorverhit.

1.7.1 Is die bogenoemde stelling 'n FEIT of 'n MENING?

(1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord by 1.7.1 deur EEN volsin.

(1)

1.8 Verskaf 'n sinoniem vir die woord "vanselfsprekend" in die onderstaande sin:

Dit is vanselfsprekend dat 'n mens moet sorg dat jy genoeg water inkry om jou liggaam op sy beste te laat funksioneer.

(1)

1.9 Watter drie faktore bepaal of iemand voldoende gehidreer sal wees?

(3)

1.10 Verskaf 'n definisie vir ontwatering of dehidrasie met inligting wat jy vanuit die teks gekry het.

(2)

1.11 Noem TWEE simptome van ontwatering. Skryf TWEE APARTE sinne neer.

(2)

1.12 Hoe baie water moet mens drink om water vergiftiging op te doen?

(1)

1.13 Hoe werk water vergiftiging?


(1)

1.14 Verskaf 'n ander titel vir die teks wat jy dink hierby sou pas.

(1)

TEKS B: SUID-AFRIKAANSE WATERGEBRUIK

SA se water word gebruik vir ...



Verwerk uit www.grafika24.com

1.15 Skryf die afkorting in die titel voluit: "SA se water word gebruik vir..."

_____ (1)

1.16 Waarom, dink jy, word so baie water benodig vir landbou?

_____ (1)

1.17 Rangskik van meeste tot minste waterverbruikers:

A – Mynbedrywighe _____

B - Energie _____

C – Nywerhede _____ (3)

1.18 Waar is die inligting vir hierdie grafiek verkry?

_____ (1)

1.19 Stem jy saam dat so baie drinkwater beskikbaar gemaak moet word vir boerdery?
Motiveer jou antwoord.

(1)

1.20 Watter oplossing dink jy is daar vir die waterkrisis wat ons tans ervaar?

(1)

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2:

- Skryf SEWE wenke neer om water te bespaar.
- Skryf die sinne puntsgewys en in VOLSINNE onder mekaar.
- Onthou om h reël oop te laat na elke feit.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming neer.

TEKS C: WATER-WYS: WENKE OM WATER TE BESPAAR

Jy kan tot ses liter water per minuut spaar as jy nie die kraan oophou terwyl jy jou tande borsel nie.

Moenie jou wasmasjien of skottelgoedwasser gebruik as dit nie vol gelaai is nie.

Gebruik 'n gieter plaas van 'n tuinslang om jou tuin nat te lei. Lei jou tuin vroegoggend of laatmiddag nat om verdamping te verminder en so meer water te bespaar. Terloops, 'n tuinslang kan tot soveel as 1,000 liter water per uur gebruik.

Hou 'n beker water in jou koelkas sodat jy altyd koue water byderhand het sonder om die kraan te laat loop tot koeler water uitkom.

Gebruik 'n emmer plaas van 'n tuinslang wanneer jy jou voertuig was en gebruik die tuinslang kortliks wanneer jy die seepwater afspoel.

Gebruik 'n besem in plaas van die tuinslang om inritte en sypaadjies skoon te hou.

Vang die water op wat loop terwyl jy wag dat die warm water deurkom. Gebruik hierdie water om plante of jou tuin mee nat te lei.

Gebruik emmers of houers en vang die reënwater op wat by jou geute afloop en gebruik dié water in jou tuin.

Hou jou oë en ore oop. Meld gebreekte waterpype en vermorsing van water by jou naaste plaaslike owerheid aan.

Verwerk vanuit: www.huisgenoot.com

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D:

Die taalvrae wat volg, is op die volgende advertensie gebaseer.

GROOTSTE TYDSKRIF IN SA
9 JUNIE 2017 | #1043

HUISGENOOT

STELLENBOSSE BYLMOORDE
Weg van die hofdrama:
Eksklusiewe steelfoto's wys teer oomblikke tussen Henri van Breda en sy meisie

EKSKLUSIEWE FOTO'S
Karlien van Jaarsveld: Getroud, swanger en so gelukkig
'EK BESEF MEER AS OOI ALLES WAT EK HET, IS GENADE'

KAAPSE WATERKRISIS
Wanneer die krane leegloop - hoe nou gemaak?

Teken digitaal in en
SPAAR 40%
Kry Huisgenoot vir net R14,70 per uitgawe

HOEKOM DIT GEBEUR - EN WAT JY DAARAAN KAN DOEN

Jacques Blignaut, 7de Laan se Vince, wys sy vrou en kroos

9 770018 908007

- 3.1 Wie is die adverteerder?
_____ (1)
- 3.2 Hoe probeer die adverteerder die leser oortuig om digitaal in te teken?
_____ (1)
- 3.3 Noem TWEE maniere hoe die adverteerder die leser probeer oortuig om sy produk te koop.

_____ (2)
- 3.4 Skryf die slagspreuk vir die publikasie neer.
_____ (1)
- 3.5 Kies die korrekte standaard Afrikaanse woord:
Huisgenoot is 'n (gewilde/populêre) publikasie.
_____ (1)
- 3.6 Skryf die Afrikaans vir magazine neer.
_____ (1)
- 3.7 Gee die intensiewe vorm van die woord in hakies:
Karlien van Jaarsveld is nou (gelukkig).
_____ (1)
- 3.8 Verwys na die opskrif:
Eksklusiewe steelfoto's wys teer oomblikke...
Gebruik die woord "teer" in 'n sin wat die betekenis sal verander.
_____ (1)
- 3.9 Gee die korrekte vorm (persoonsnaam) van die woord:
Henri van Breda is moeg vir al die (mense wat foto's neem).
_____ (1)
- (10)**

AFDELING C: TAAL

VRAAG 4: STROKIE

TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

ZITS



Verwerk uit: www.google.co.za

4.1 Wat is die naam van die verskynsel "Ding Dong" (woorde wat klanke uitspel)?

_____ (1)

4.2 Skryf die korrekte vroulike vorm van die woord "onderwyser" neer.

_____ (1)

4.3 Verwys na raampie 3.

4.3.1 Watter twee tekens is daar dat Jeremy baie opgewonde is oor sy nuwe tutor?

 _____ (2)

4.4 Dis 'n plesier om jou te ontmoet.

Skryf die boonste sin oor in die verlede tyd.

_____ (1)

4.5 Verbeter die twee taalfoute in raampie 5.

 _____ (2)

4.6 Verander die volgende sin:

Jeremy moet hard werk.

Begin so: Jeremy behoort...

(1)

4.7.1 Kies die woord wat die volgende stelling KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.7) en die antwoord (A – D) neer, byvoorbeeld 4.7 E.

Jeremy se ma se lyftaal in die laaste raampie sê sy is ...

A aan die slaap.

B verward.

C moedeloos.

D gelukkig. _____

(1)

4.7.2 Waarom dink jy lyk Jeremy se ma se lyftaal so in die laaste raampie?

(1)

(10)

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taal en spelfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

'Skoonheid' is beste SA fiek



Oliver Hermanus (regs agter) met die hoofspeler Deon Lotz (regs) en Marcel van Heerden op die stel van *Skoonheid*. Foto: SWIFT DISTRIBUTION

LAETTIA POPLÉ

Kaapstad

Die (4.1.1____) Oliver Hermanus se rolprent *Skoonheid* is as die beste SA rolprent by die (4.2.1 internasionaal) rolprentfees in Durban aangewys.

Die prent, oor 'n middeljarige, getroude man se obsessie met 'n jonger man, het reeds 'n prys op die Cannes-rolprentfees in Junie gewen. Die film begin

Vrydag in Kaapstad draai en het 'n OB13TNV ouderdomsbepierking.

Die prent *Eldorado*, wat deur die inwoners van dié arm bruin township naby Johannesburg geskiet en vervaardig is, is ook as baie goed by die Durbanse rolprentfees beskou.

Beide hierdie rolprente het R25 000 prysgeld gewen.

5.1 Gee een woord vir die volgende omskrywings:

- 5.1.1 Die persoon wat in films speel. _____ (1)
 5.1.2 'n Persoon wat films beoordeel en dan 'n artikel daarvoor skryf. _____ (1)
 5.1.3 Die persoon wat films vervaardig. _____ (1)

5.2 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

- 5.2.1 'Skoonheid' is as die beste rolprent by die (internasionaal) rolprentfees in Durban aangewys. _____ (1)
 5.2.2 Jy moet in die (klas) advertensies soek vir lekker winskopies. _____ (1)

5.3 Gee die teenoorgestelde (antoniem) van die onderstreepte woorde:

- 5.3.1 Die film het onbekende, maar uitstekende, akteurs in die rolverdeling. _____ (1)
 5.3.2 Ná so 'n film kan dit net beter met die filmbedryf gaan! _____ (1)

5.4 Gee die korrekte afkorting vir die vetgedrukte woorde:

- 5.4.1 Die film begin **Vrydag** in Kaapstad draai. _____ (1)
 5.4.2 Die film se ouderdomsbepערking is **OB** 13 T N V. _____ (1)
 5.4.3 Besoek die volgende webwerf vir meer inligting: **www.rolprentesa.co.za**. _____ (1)
 5.4.4 **A.g.v.** uitstekende toneelspel en 'n goeie draaiboek, het hierdie film twee pryse gewen.

5.5 Die film begin Vrydag in Kaapstad draai.

- 5.5.1 Identifiseer die gesegde in hierdie sin. _____ (2)
 5.5.2 Identifiseer die bywoordelike bepalinge in hierdie sin. _____ (1)

5.6 Verduidelik wat die onderstreepte idioome beteken. 'n Volsin is nie nodig nie.

- 5.6.1 Daar is 'n slang in die gras. _____ (1)
 5.6.2 Die span het dag en nag aan die rolprent gewerk. _____ (1)
 5.6.3 Ag, nee wat, hy is sommer 'n mooiweersvriend! _____ (1)
 5.6.4 Die poppe gaan dans wanneer ek by die huis kom. _____ (1)

5.7 Skryf die sin oor deur die onderstreepte woorde na meer beleefde Afrikaanse woorde te verander:
 "Voertsek!" Skree sy vir die brak.

 _____ (2)

(20)

(40)

TOTAAL VIR AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 30 + 10 + 40 = 80